**WOENSDAG 25 FEBRUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 14:25-35**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 14:33**

## Is jy 'n meeloper of 'n navolger?

Jesus is in hierdie gedeelte op reis. In vers 25 staan daar dat 'n "groot menigte" saam met Jesus gereis het. Dit is 'n groot menigte mense wat "meelopers" is. Hulle het gehoor van hierdie Jesus, van sy wonders en van sy genesings, daarom loop hulle mee … maar sonder bekering en sonder verootmoediging. As Jesus "navolgers" of dissipels soek – en boonop die swaar eise van navolger wees uitlig – weet ons dat van hierdie "menigte" niemand uiteindelik enduit die Here nagevolg het nie. Jesus sou uiteindelik eensaam en alleen die pad van die kruis stap!

Luister na die eise van dissipelskap. Ons kan dit óók noem die eise van navolger wees. Jesus vertel twee kort gelykenisse daaroor. Die eerste gaan oor die oprigting van 'n gebou. Eers moet die koste bereken word, anders kan die geld opraak en die gebou nie voltooi word nie. Die tweede gelykenis gaan oor 'n koning wat met 10 000 man 'n ander een met 20 000 man wil beveg. Ook hierin is berekening nodig. Dissipelskap en navolger wees vra dus 'n "prys". Die koste moet bereken word.

In dié verband beteken dit bekering asook selfverloëning! Volgelinge is met hart en siel navolgers van Christus, al vra dit ook al wat (vs 33). Jesus vra volle en totale oorgawe en diens van sy navolgers. 'n Meeloper raak maklik moedeloos en verloor God langs sy lewenspad – veral as die eise van Christenskap te groot raak.

'n Mens kan alleen navolger wees as jy vanuit God se kosbare genade lééf. Dan eers kan jy Christus alles in jou lewe maak! Niks is dan méér belangrik as God, sy Woord en sy kerk nie.

*Sing: Psalm 10:3, 5, 6*

*Ds. NW (Nico) Ligthelm (Emeritus)*